

Oorgangsliteratuurgeskiedenis: die illusie van 'n nasionale Suid-Afrikaanse letterkunde

Ampie Coetzee
Departement Afrikaans & Nederlands
Universiteit Wes-Kaapland
BELLVILLE

Abstract

Literary history in transition: the illusion of a national South African literature

The transformation of South Africa from a divided country to a unified democracy has created a discourse of 'one-nationness'. Although this concept may primarily be a political ideal, it also encompasses the diverse fields of culture, language and literature. Literary theoreticians and historians may have to find a methodology for describing the various literatures in terms of a 'South African literature', if such a unified concept can exist where literatures are produced in eleven languages. These literatures, however, also differ in ways of expression, because the cultures and political contexts from which they originated vary. In considering the deficiencies of a recent literary history, this article attempts to determine whether a methodology based on the Foucauldian concept of the discursive formation may be able to combine the various literatures as statements within the narrative of a nation.

1. Inleiding

Suid-Afrikaners bevind hulle teen die einde van die 20ste eeu binne 'n diskoers van 'een-nasieskap'. Die strewe is om die verskeurdhede van kolonialisme en apartheid te heel deur die konstruksie van 'n nasionale eenheid waar woorde, dade en simbole tot tekens van daardie eenheid getransformeer word – eenheidstekens soos byvoorbeeld 'n regering van nasionale eenheid, sportgebeurtenisse, 'n vlag en 'n volkslied. Die poging tot eenheid manifesteer ook in die strewe tot versoening deur die waarheid, sodat die ongeregthede van die verlede geopenbaar word – en om dan te onthou om te vergeet.

Sedert die sestigerjare is daar in die Suid-Afrikaanse letterkunde¹ 'n bewuswording

1 Met 'n 'Suid-Afrikaanse letterkunde' binne hierdie konteks word bedoel hoofsaaklik dit wat in Afrikaans en Engels geskryf is.

van groeiende krisis in die politieke hegemonie. In die begin van die tagtigerjare gebruik Nadine Gordimer die konsep *interregnum* as motto by haar novelle *July's People* (1981), waar die woord, sonder dat dit binne die konteks van die geskifte van Antonio Gramsci gelees hoef te word, alreeds duidelik beteken: tussen heerskappy². En so 'n *interregnum* impliseer dat daar 'n einde en 'n begin gaan wees. In sommige prosawerke van skrywers soos Gordimer, J.M. Coetzee, John Miles, Karel Schoeman, Etienne van Heerden en Eben Venter is die apokalips 'n sterk uiting binne die konteks van oorgang – alhoewel daardie oorgang tot die nuwe, vanselfsprekend, toe nog nie gerealiseer het nie.

Betekenisvolle voorbeelde van literêre werke is dus, veral sedert die sewentigerjare³, geproduseer binne die verwagting van 'n politieke oorgang. Die benaming 'oorgangsliteratuur' kan dus nie beperk word tot die totstandkoming van 'n demokratiese bestel in Suid-Afrika sedert 1994 nie.

2. Kultuur en taal

Demokratisering gee aan almal volgens die nuwe Grondwet van Suid-Afrika gelyke regte voor die wet, maar die konsep 'gelykheid' word geïmplementeër. Die mees pertinente voorbeeld vir die argument in hierdie artikel is taal. Voorheen was daar slegs twee amptelike tale, dus gelyk volgens bepalings van die Grondwet. Nou is daar elf. 'n Mens sou verder kon gaan deur te sê dat daar voorheen ook net twee 'amptelike', gekanoniseerde, letterkundes was, en nou behoort daar elf te wees. As ons een nasie is, divers, en verskillend ten opsigte van taal en kultuur, maar nog almal Suid-Afrikans, dan sou 'n mens ook kon sê dat ons een letterkunde het, divers van aard, verskillend van taal, ongelyk ten opsigte van geleentheid en bevoorregting – 'n Suid-Afrikaanse letterkunde. En dan ook verbandhoudend: 'n Suid-Afrikaanse kultuur.

Die konsep 'kultuur' het al 'n betekenaar sonder betekendes geword as gevolg van die te frekwente en onpresiese gebruik daarvan. Sonder om dit dus hier te probeer definieer, kan kultuur in die wydste sin daarvan gesien word as die lewenswyse van groepe mense waar noodsaak – materiële voortbestaan – en konvensie – die wyse waarop die materiële onderhandel word – mekaar komplementeer. Kultuur is noodsaaklik vir die funksionering van 'n samelewing: basies gaan dit om die ontginning van die materiële, en hoe om dit te verbruik

2 Gramsci (1978:276) se woorde in Hoare en Smith se vertaling van van die *Prison Notebooks* is: "The crisis consists precisely in the fact that the old is dying and the new cannot be born; in this *interregnum* a great variety of morbid symptoms appear".

3 Karel Schoeman se *Na die geliefde land*, waarin 'n tyd anderkant die apokalips verbeel word, het verskyn in 1972.

(soos: om te eet, en hoe om te eet). Maar daar kom dan ook 'n ander vlak van die kulturele wat nie altyd gekoppel kan word aan die bloot materiële nie: die rol van taal as skeppende medium⁴.

Diversiteit van tale beteken ook 'n diversiteit van kulture. Hierdie oorgangstyd bring egter ook die besef dat taal en kultuur nie in alle gevalle sinoniem is nie, juis vanweë die magposisie wat die koloniserende tale – Afrikaans, maar veral Engels – gehad het. Tradisioneel is aanvaar dat Afrikaans die taal van die Afrikaner, en die uitdrukkingsmedium vir daardie kultuur is; maar vandag besef ons dat Afrikaans ook die taal van vele voorheen gekoloniseerde 'ander' is – 'n 'ander' wat nie dieselfde kultuur en konvensies – en dikwels nie dieselfde godsdiens – as die heersende en ekonomies sterker Afrikaner gehad het nie. Engels as die 'suiwerste' – dit is morfologies, sintakties en semanties die mees onveranderde – koloniseringstaal het ook die taal van 'swart' skrywers geword, en die huistaal – dus kultuurtaal – van baie 'bruin' persone, en van ander van Europese herkoms. Daarteenoor sal die ander nege tale waarskynlik eng kultuur-etniese uitdrukkingsmediums bly, sodat Zoeloe, Xhosa, Sotho ensovoorts die enigste betekenaars van daardie kulture is.

Hierdie diversiteit van kultuur is natuurlik positief. D.W. Fokkema praat van taal as 'n "omheining rond een communicatiecircuit", en sê dat 'n verskeidenheid van tale omheinings is wat 'n sekere beskerming bied aan die verskeidenheid van kulturele konvensies (Fokkema, 1996:14). Verskillende tale is dan 'n belemmering vir die ontstaan van 'n monokultuur; maar so 'n monokultuur sal dan ook, volgens Fokkema (1996:15), die einde beteken van alle kultuur. Die situasie in Suid-Afrika is egter problematies as gevolg van ongelyke 'omheinings': Engels wat meer insluit as net 'n 'Engelse' kultuur, en Afrikaans meer as net 'n 'Afrikanerkultuur'.

Kultuur, of konvensie, en die vaslegging of uitdrukking daarvan in taal, was nie 'n konstante entiteit ten opsigte van Afrikaans en Engels nie: dit het verander na gelang van politieke en sosiale omstandighede; en dit sal in die toekoms weer verander. Of 'n mens dit van die ander, taalgebonde, kulture kan sê, is egter te betwyfel. Sal Zoeloe-kultuur, byvoorbeeld, beïnvloed word deur Xhosa-kultuur, ensovoorts? Die punt is: sal diversiteit nie meer en meer gekonsentreer raak in

4 " ... wat is die relasie tussen het intellektueel/esthetiese en het antropologiese begrip kultuur, tussen kultuur met een hoofletter en kultuur met een kleine letter?" (Fokkema, 1996:11).

En as 'n mens Marlene van Niekerk se kritiek op Henriette Roos se intrede lees, met veral haar kritiek op konsepte soos 'multikulturele maatskappy', 'transkulturele fenomene', 'kulturele vervloeiing', dan sou te veel aandag aan 'kultuur' die argumente in hierdie artikel vertroebel (Van Niekerk, 1996:21 e.v.).

Afrikaans en Engels nie – en uiteindelik n et in Engels nie? Ook kan gevra word of eenheid as't ware afgedwing word deur die mag van taaloorheersing? En sou dit nie ook kon geld ten opsigte van die letterkundes nie: dat  een Suid-Afrikaanse letterkunde in die verre toekoms net in een taal geproduseer word – of dan daarin bemerk word?

In die mate waarin gekanoniseerde letterkunde deel is van kultuur, hetsy van 'ho  kultuur', moet dit bre er gesien word as uitdrukkingsmedium of as konstrukskepping. In die huidige Suid-Afrikaanse situasie staan tale ook nog in verhouding tot mekaar en tot verskillende letterkundes. Daarom kan letterkunde in Suid-Afrika, en die beskrywing daarvan binne 'n literatuuoroorsig, nie bespreek word sonder om ook aan taal in 'n tyd van oorgang te dink nie⁵. In 'n eentalige land met 'n eentalige letterkunde is die leser van die liter re teks nie bewus van die taal wat sy/hy lees nie, omdat taal op sigself dan nie 'n diskoers geword het nie; daar nie debatte gevoer word oor die voortbestaan, rol en noodsaaklikheid van verskillende tale nie.

'n Mens se bewustheid van taal as diskoers is nog groter as di  bepalings van die Grondwet ernstig geneem word: dat alle tale gelyke behandeling moet kry en gelyke status sal h . Dit het egter al 'n teenstrydigheid geword, aangesien die taal van die politiek – en van die regering – Engels is, en aangesien die meerderheid ontvangers van tersi re onderwys waarskynlik Engels as onderrigtaal sal verkies. Daar is ook geen duidelik waarneembare projekte, of agitasies vir die instelling van Afrika-tale as tersi re onderrigtale nie⁶. Die waarskynlike uiteinde van hierdie verloop is dat Engels die *lingua franca* van die land sal word.

Maar kan  een nasie verbeeld word sonder 'n gemeenskaplike huistaal? Kan  een nasie bestaan waar die hooftaal – die taal van kommunikasie – die mindere huistale oorheers as ampstaal⁷? Wanneer 'n magstaal nie die taal van al die mense is nie, het dit tog uiteindelik 'n vervreemdende effek, in di  opsig dat die volgelinge – die onderdane – hulle nie ten volle kan identifiseer met die taal wat hulle leiers praat nie, en die leser nie kontak kan h  met 'n letterkunde wat in die

5 Die geskiedenis-aspek van literatuurgeskiedenis sal ook herdink moet word.

6 Op 30 November 1996 het dr. Neville Alexander van die Pan Suid-Afrikaanse Taalraad op 'n samekoms van besorgde persone oor die stand van Afrikaans, die versekering gegee dat di  sake aandag kry. Hy het egter geen konkrete voorbeelde gegee nie.

7 En hooftaal en mindere taal – *major* en *minor* tale – het niks te doen met die aantal sprekers van 'n taal nie, maar met die magsbasis wat daardie taal het in terme van regering en administrasie. Daardie taal sal in Suid-Afrika waarskynlik Engels wees.

magstaal, soos byvoorbeeld Engels, geskryf word nie⁸ – of is dit nie werklik ’n faktor nie? Oordryf Afrikaanssprekendes die belangrikheid van taal binne magsverband omdat hulle geskiedenis onlosmaaklik aan taal verbonde was? Dit lyk op die oomblik of taal as diskoers nie belangrik is vir die sprekers van Afrika-tale nie: daar word nie beduidend daarvoor gedebatteer en daarom gestry nie. Engels word skynbaar doodgewoon aanvaar as hegemonese en intellektuele medium, terwyl die eie huistaal gewoonlik behou word, maar slegs as huistaal. Miskien is dit nie belangrik dat Suid-Afrika nie ’n ’nasionale taal’ het nie, wat ook die patroon in die meeste Afrika-lande is, waar daar eintlik net ’amptelike tale’ is en nie nasionale tale nie (Irele, 1990:56).

As sprekers van al die ander tale in Suid-Afrika – ‘ander’ ten opsigte van Engels uiteindelik – geleidelik uitgesluit word uit die diskoerse van mag sal hulle letterkundes waarskynlik nie ontwikkel nie, en slegs toeganklik wees deur Engels; sal hul aanhangsels word van die Engelse letterkunde. So ook sou die situasie kon ontstaan dat alle literêre produksies uiteindelik in Engels sal wees. Miskien het die verskuiwing alreeds begin: André P. Brink skryf in Engels en in Afrikaans; maar ter wille van die internasionale mark kan hy in die toekoms net sowel slegs in Engels skryf. Breyten Breytenbach skryf hoofsaaklik in Engels – buiten sy poësie. Ellen Kuzwayo, Matsemele Manaka, Mtutuzeli Matshoba, Zakes Mda, Es’kia Mphahlele, Mbulelo Mzamane, Njabulo Ndebele, Siphos Sepamla, Wally Serote, en Miriam Tlali, as voorbeelde, het nog altyd in Engels geskryf. Daarteenoor skryf die ‘Afrikaanse letterkunde’ homself nog voort, miskien danksy die rol van die Afrikaanse uitgewershegemonie, wat nou ook moeite doen om die ‘swart skrywer’ te ontdek (vgl. byvoorbeeld die ontstaan van ’n uitgewery soos Kwela Boeke). Maar hoe lank nog?

3. Suid-Afrikaanse letterkunde

Die benaming ‘Suid-Afrikaanse letterkunde’ het gekom voor die konseptualisering en problematisering daarvan.

In 1914 gee G. Besselaar sy boek oor letterkundige produksies in die land die titel *Zuid-Afrika in de letterkunde*. Hierdie publikasie kan beskou word as die eerste literatuurgeskiedenis. Hy dra die boek op aan die volk van Suid-Afrika, waaroor daar, sê hy, ’n enorme koepel van gemeenskaplike kultuur strek “... en de letterkunde van Zuid-Afrika, een Engels-Afrikaanse en een Hollands-Afrikaanse, zullen eenmaal twee van de pilaren zijn, waarop die koepel zal

8 “If literature is to have any role to play at all in our collective life at the present time, that role cannot be obvious or effective as long as our modern expression remains attached to the European languages”, sê Abiola Irele (1990:56).

steunen en glanzen” (Besselaar, 1914:215). Sy oorsig – want dis al wat dit is – betrek die leidende Engelse skrywers van die tyd, maar die grootste gedeelte daarvan is gewy aan Nederlands-Afrikaanse skrywers. Wat hier van belang is, is dat sy siening redelik inklusief is; dat dit slegs Engelse en Nederlands-Afrikaanse produksies betrek, alhoewel betekenisvolle tekste van skrywers soos Thomas Mofolo en Samuel Mqhayi toe alreeds gepubliseer was⁹.

Manfred Nathan se *South African Literature. A General Survey* (1925) sistematiseer die werk van skrywers wat óf in Engels óf in Nederlands-Afrikaans skryf – hy skei skrywers nie volgens taal nie. Albert Gérard se *Four African Literatures* van 1971 behandel oorsigtelik die werk van slegs Xhosa-, Zoeloe- en Sothoskrywers, maar sonder dat hy dié tale kon lees. *Southern African Literature. An Introduction* van Stephen Gray (1979), is die volgende uiting in die diskoers van 'n 'Suid-Afrikaanse letterkunde', en alhoewel hy net skryf oor die werk van Engelse skrywers, besef hy dat daardie letterkunde nie presies omlin kan word nie¹⁰.

Tot die begin van die tagtigerjare is daar dus geen algemene gesistematiseerde, literatuurgeskiedenisboek, waarin die letterkunde in die Afrika-tale in Suid-Afrika bespreek is nie. Die konnotasie 'Suid-Afrikaanse letterkunde' is tog logies vir alle letterkundes in hierdie land. Naas dié in Afrikaans en Engels is daar, volgens die beknopte oorsig van Ntuli en Swanepoel, *Southern African Literature in African Languages* (1993), geskrewe literêre tekste in nege tale.

Die nuutste studie, met die titel *Southern African Literatures*, internasionaal gekanoniseer deur die uitgewer – Longman Literature in English Series – van formidabele grootte (533 bladsye), geskryf deur 'n bekende akademikus, Michael Chapman (1996), lewer 'n verdere bydra tot die diskoers.

Die 'ander' letterkundes word nie daarin genoem nie, en Ntuli en Swanepoel se oorsig word nie betrek nie. Om 'n boek te skryf met so 'n titel, in dié tyd waarin 'Suid-Afrika' 'n inklusiewe betekenaar geword het, sou 'n mens verwag dat die skrywer kennis sou neem van al die letterkundes – sonder dat dit noodsaaklik hoef te wees om al die tale daarvan te kan lees. Die kwessie van taal is van belang, en hierdie feit erken Chapman (1996:216): “ ... a challenge facing South

9 *Ityala lamawele* van Mqhayi in 1905 en *Moeti wa botjhabela* van Mofolo in 1907 was die eerste romans in Xhosa en Suid-Sotho.

10 “But the first problem in defining South African literature is that South Africa cannot be said at present to have a very precise sense of distinctness with regard to its literature in English. One reason for this is that the literary works which derive from an English cultural world in South Africa are not, and never have been, part of a closed system” (Gray, 1979:2).

Africa in the future is the resuscitation of African-language literature as an intelligent, adult activity". Dan het hy egter alreeds gekonstateer dat Engels meer as net 'n *lingua franca* kan word – as't ware 'n metonimiese meesterkode (Chapman, 1996:xix-xx). Die implikasie daarvan is dat 'Southern African literatures' in Engels geskryf word, of dat alles daarin geappropriëer word, en dus deel van die Engelse letterkunde word.

4. Literatuurgeskiedenis en metodologie

In 'n artikel, "Towards a History of South African Literature", skryf Albert Gérard in 1975:

But a fully informed and competent account of South African Literature can only arise as the outcome of carefully allocated and organized teamwork. It is highly significant that no committee of the various departments concerned has even been set up in any South African university for that purpose (aangehaal deur Gray, 1979:4).

Die situasie het sedertdien verander, veral met die totstandkoming van die Centre for the Study of Southern African Literature and Languages in 1994 by die Universiteit van Durban-Westville. Die spanwerkprojek wat Gérard egter voorstaan, is nie meer so eenvoudig soos dit klink nie. Op watter teorie baseer die navorsers hulle leeswerk binne die moderne episteme van poststrukuralisme? Of kan benaderings verskil, of moet dit doodgewoon 'n ensiklopediese beskrywing wees?

'n Vlughtige kyk na die twee voorbeelde uit die verlede wat met die konsep 'Suid-Afrikaanse letterkunde' gewerk het, illustreer al iets van die dilemma¹¹. Manfred Nathan gee eers 'n periodisering van historiese gebeurtenisse, vanaf die vroegste seevaarders, tot ná die Eerste Wêreldoorlog. Daarna deel hy die letterkundige produksies min of meer in genres in (Reis en beskrywing, Geskiedenis, Biografie, Etnologie, Sosiologie en Politiek, Poësie, Drama, Fiksie en Romanse, Essays en 'Belles Lettres'). Daar is egter geen korrelasie tussen geskiedenis en genre nie, indien so iets moontlik sou wees. Gray regverdig sy besluit om slegs 'n inleiding tot Engelse Suid-Afrikaanse letterkunde te skryf (alhoewel die titel natuurlik, net soos Chapman s'n, impliseer dat Engels eintlik Suid-Afrikaans is) deur die opmerking dat so 'n inleiding, al gaan dit om werke in Engels, tog waarde kan hê as 'n vooraf oefening vir die definisie van 'n Suid-Afrikaanse letterkunde as 'n geheel. En dan stel hy 'n epistemologie voor: "That whole will not be in view

11 Die rits Afrikaanse literatuurgeskiedenis – vanaf Antonissen tot Kannemeyer, en die kleineres tussenin – word nie hier betrek nie, omdat die doelstelling in hierdie literatuurgeskiedenis duidelik net 'n beskrywing van die Afrikaanse letterkunde was.

until the parts are assembled within a suitably all-embracing comparative theory” (Gray, 1979:2). Sy hoofstukindeling ten opsigte van die Engelse tekste openbaar 'n bereidwilligheid om nie die grense van die 'literêre' te eng te definieer nie, sodat vroeë tekste wat konstruksie van die werklikheid was, en nie noodwendig binne die kanon 'letterkunde' sou val nie, as aanloop tot die latere letterkunde beskou kan word¹². Hierdie benadering was 'n heilsame verbreding van die begrip literatuurgeskiedenis.

Chapman (1996:xv) begin sy boek deur homself die toetssteen te maak vir sy benadering: “This study contains my view of the several distinct but interrelated literatures of southern Africa”. Hy erken dat die definiering van nasionale letterkundes problematies is; noem dat sy metode komparatisties is en die rangskikking meestal chronologies. Chapman se werk bied nie 'n ensiklopediese oorsig nie en die bronnemateriaal is meestal vanuit Engelse vertalings of kommentare wat nie oorspronklik in Engels geskryf is nie. In die samevatting aan die einde van sy projek gee hy wat mens sou kon beskou as die vier hoofdoelwitte daarvan:

- Die noodsaak vir die rehabilitasie van identiteite, praktyke en estetiese moontlikhede binne die konteks van 'n regverdige idee (“a just idea”).
- Die doelwit om die potensiaal van 'n gemeenskaplike humanisme te ondersoek.
- As derde doelwit geld die noodsaak “to recover an ‘African’ justification for the accessibility ... of communication as well as for the moral agency necessary to effect change” – juis omdat sommige subjekte gemarginaliseerd kan raak.
- Die ‘pragmatiese situasie’ soos dit op die oomblik is, moet die teorie bepaal (Chapman, 1996:430), word gestel as vierde doelwit.

Die sleutelkonsepte in Chapman se benaderingswyse sluit die volgende in: nasionale letterkundes, 'n komparatistiese metode, die chronologiese behandeling van tekste, identiteit, 'n regverdige idee en moraliteit, 'n gemeenskaplike humanisme, Afrika, die huidige situasie. In die beskouing van hierdie konsepte of idees sou 'n mens die volgende kon problematiseer: een-nasieskap, identiteit, Afrika (*Africanness*), die komparatistiese metode, die siening van geskiedenis, die morele en materiële toestande as determinerend.

12 Die indeling is die volgende: “The White Man’s Creation Myth of Africa”, “The Frontier Myth and the Hottentot Eve”, “The Imagining Voyage through Southern Africa”, “The Rise and Fall of the Colonial Hunter”, “Schreiner and the Novel Tradition”, “The Emergence of Black English”.

Na die een-nasie-ideaal het ek reeds kursories verwys. Aangesien hierdie ideaal ontwikkel het vanaf 'n konsep tot 'n diskoers, tot 'n betoog, is ons daarin opgevang en sal ons daardeur meegesleur word. Ek weet nie of dit nog debatteerbaar is nie: dit bestaan en selfs in ons akademiese en intellektuele bedrywighede sal dit daar wees – miskien soms onuitgespreek, maar tog altyd-teenwoordig. Wat die kwessie van identiteit betref – wat is 'n wit Afrikaan? Om 'n wit Afrikaan te wees, is miskien om te leef en te skryf, nie noodwendig binne 'n kontradiksie nie, maar in 'n paradoks, sê Chapman (1996:344) met betrekking tot Patrick Cullinan en Peter Horn. Identiteit hou natuurlik verband met die vraag na wat 'n nasie is, en of ons uiteindelik ons identiteit sal kan beskryf as 'Suid-Afrikaans'. Identiteit hou egter verband met ontstaan, met genealogie en met die vaste sekerheid van 'n spesifieke begin. Kan dit ondubbelsinnig bepaal word? Dit vra Chapman nie.

Ander vrae wat hy vra, sluit onder andere die volgende in: is Fugard se *Boesman en Lena* Suid-Afrikaans of universeel? Verskil 'n swart Afrika-roman van dié van 'n wit Afrikaan? Is dié soort roman – soos in die geval van die Soweto-roman – positief en hoopvol, terwyl die ander dikwels apokalipties is? Ook het hy vrae oor byvoorbeeld die identiteit van 'n skrywer soos Breyten Breytenbach, wat Franse en Suid-Afrikaanse burgerskap het. Chapman bespreek sulke kwessies egter nie verder nie. Hy sou ook nog vrae kon gestel het oor Elisabeth Eybers, wat, met erkenning in Nederland, poësie skryf in Afrikaans. Ook vrae oor Afrikaans kom na vore: is Afrikaans verafrikaniseerde basternederlands? En hoe pas die Westerse, gekanoniseerde konsep 'letterkunde' in Afrika?

Die komparatistiese benadering tot die letterkunde is waarskynlik heel aanvaarbaar binne Europese en Amerikaanse verband. Wat is egter die situasie in Afrika, waar die koloniserende tale die toon aangegee het en die konsep 'letterkunde' klaargemaak oor die see aangekom het (maar weliswaar nog nie as gekanoniseerde diskoers in die 16de eeu nie)? Daaruit, uit die Bybel en uit John Bunyan se *Pilgrim's Progress* moes 'n inheemse letterkunde ontstaan. Baie min kritici en teoretici, in Suid-Afrika in elk geval, kan sê hoe 'gelyk', byvoorbeeld, Mqhayi aan Van Wyk Louw is – en dan word nie na estetiese gehalte verwys nie. Vir vergelykings moet daar immers vergelykbaarhede wees. Chapman kon nie vergelyk nie, omdat hy geen aanduiding gee dat hy 'n Afrikataal (in die konvensionele betekenis van 'swart' taal) so goed ken dat hy gesofistikeerde letterkunde daarin sou kon lees nie. Ook sy toepassing van die komparatisme faal wanneer 'n mens kyk na sommige van sy verwysings na die Afrikaanse letterkunde.

Ek noem enkele voorbeelde – nie net as kritiek op Chapman se boek nie, maar hoofsaaklik as kritiek op sy hantering van die komparatistiese metode. Sy primêre verwysingsbron is Jack Cope se *The Adversary within: Dissident*

Writers in Afrikaans (1989). Na die standaardwerke van J.C. Kannemeyer word skaars verwys, en sy werk is ook nie eens ingesluit by die "Notes on biography, important works and criticism" nie. Chapman vertel van Sophiatown wat Triomf geword het, maar het nie kennis geneem van *Triomf* van Marlene van Niekerk nie. Die belangrikheid van die kortverhaal in swart en wit (Engels) word genoem, maar nie die gelyke 'prestasie' daarvan in Afrikaans nie, veral nie die postmodernistiese, subversiewe verhale van Koos Prinsloo nie¹³.

Sy metode dwing 'n mens ook om die ruimte toegesê aan skrywers te vergelyk. Ongelykhede soos die volgende is opvallend: een paragraaf word gewy aan Samuel Mqhayi wat beskou word as die vader van moderne Xhosa-letterkunde; ongeveer een bladsy handel oor die poësie van Breyten Breytenbach, net oor *Skryt* (omdat dit vir hom die mees politiese bundel is?); byna vier bladsye word gewy aan een bundel kortverhale van Mtutuzeli Matshoba, en dieselfde ruimte vir al die werk van J.M. Coetzee! Feitlik al die Afrikaanse skrywers sedert die tagtigerjare is weggelaat. Die hoogtepunt van ongelyke vergelykings het egter betrekking op Elisabeth Eybers. Buiten die feit dat haar naam verkeerd gespelt is (193), word sy gereduseer tot 'n eindnota met beledigende kommentaar: sy is epitoom van "a *verfynde* (refined) ideal that in this country we find in several white middle-class women poets, for whom culture means the holiday cruise to the art museums of the Mediterranean and nature means the family household" (Chapman, 1996:202). 'n Mens vra jouself af of Chapman Eybers se gedigte noukeurig gelees het. Sy kommentaar in hierdie eindnota oor een van haar gedigte wat die Boerevrou en die oorlog transformeer, kan bevraagteken word. As 'n mens hierdie interpretasies lees, moet jy tot die slotsom kom dat Chapman nie geskryf het in die *spirit of reconciliation* nie, maar as moralistiese kritikus. Miskien is 'n groot deel van die boek geskryf voor Suid-Afrika gedemokratiseer geraak het.

Die chronologiese benadering verskil nie veel van die behandeling van tekste in konvensionele literatuurgeskiedenis nie (waarvan die beste voorbeeld dié van Kannemeyer is). Die chronologiese benadering is die teleologiese siening van geskiedenis, met 'n 'begin' en die 'ontwikkeling' tot 'n 'einde', of met 'n einddoel voor oë. Geskiedenis word nie gesien as breuk, disrupsie, diskontinuiteit, sonder 'n definitiewe genealogie nie. Chapman lees basies in histories-materialistiese terme, eerder as diskursief. Die literêre teks word grootliks bepaal deur ervaring en die gemeenskap, met toespitsing op onderdrukte gemeenskappe. Dan word die taak van die kritikus moreel, 'n soeke na geregtigheid, dikwels gemanifesteer in die begeerte om tekste te herskryf of te

13 En 'n mens wonder hoe lees Chapman Afrikaans as hy D.J. Opperman se *Joernaal van Jorik* beskou as "a hotch-potch of unresolved ideas" (1996:197).

rehabiliteer. Die ideaal van een-nasieskap en versoening sal dan die keuses en analises van tekste bepaal, en ideologieë wat beskou kan word as bevrydend en regverdig word deur Chapman gekies – byvoorbeeld, sy aandrang op Steve Biko se filosofie van Swart Bewussyn as ’n sleutel tot die lees van die nuwe swart poësie (337). Hy is simies oor die poststrukuralisme omrede die “endless deferral of moral consequence” daarin (389) die materiële omstandighede ignoreer. So ook stel hy dat die persoonlike verhaal van Coetzee se hoofkarakter in *Age of Iron* nie bydra tot die skepping van ’n ‘nasionale metafoor’ nie, terwyl die absolute geloof aan hergeboorte in die Soweto-romans bewonderenswaardig is. Hierdie soort kritiek op die literêre eksperiment en die bewustheid van tekstualiteit word byna ’n soort gesofistikeerde, moreel geregverdigde sosiale realisme.

As gevolg van sy ortodokse geskiedenismetodologie wat periodiserings van outeurs en hulle werk meebring, kies Chapman dikwels verteenwoordigende outeurs vir periodes en vorme van literêre uitdrukking. Daardeur kanoniseer hy skrywers soos Mtutuzeli Matshoba, en de-kanoniseer hy ander, soos baie Afrikaanse skrywers (Eybers, byvoorbeeld, en Ernst van Heerden, D.J. Opperman, Karel Schoeman, Anna M. Louw, Etienne van Heerden, Eben Venter, Lettie Viljoen). Dit kan natuurlik deel van sy strewe wees om die stilgemaakte stemme van die verlede hoorbaar te maak – en dis ook bewonderenswaardig; maar deur die stilmaak van die hoorbare word die proses van marginalisasie slegs omgekeer, en nie afgeweer nie.

5. Diskursiewe formasies

Vir die bespreking van diskursiewe formasies word Chapman se boek weer as uitgangspunt gebruik deur die positiewe eienskappe daarvan te gebruik as moontlike aanwyser tot ’n epistemologie vir ’n geskiedenis van tekste.

In sy “Author’s Preface” skryf hy dat hy tentatief sekere “points of common reference” sal suggereer (xv). Hy haal Isabel Hofmeyr se siening ook met instemming aan: dat ’n geskiedenis van die Suid-Afrikaanse letterkunde naamlik die volgende behoort in te sluit: “the modes and discourses of all South Africa, be that discourse oral, be it in newspapers, archives, magazines and pamphlets, in a comprehension of the text as embodying social relationships” (Hofmeyr, 1979:421). Alhoewel sy studie sodanige aanwysers insluit, oorweeg hy nêrens die moontlikheid daarvan om literêre uitdrukkings te lees, byvoorbeeld as uitings binne Foucauldiaanse diskursiewe formasies nie. So ook gee hy nie ruimte vir letterkundes as konstruksieskeppende uitings nie – moontlikhede waardeur die letterkunde dan ’n kreatiewe aantoner vir die skryf van ’n geskiedenis van teksformasies in Suid-Afrika kan wees. So ’n benadering sou ’n sintese kon wees van die materialistiese en poststrukuralistiese benaderings.

In 'n land van disruptions en kontradiksies sou 'n geskiedenis van tekste benader kon word deur die identifikasie van diskursiewe formasies, waar diskontinuiteite belangrik word eerder as die kontinuïteit wat geïmpliseer word deur teleologiese geskiedskrywing. Hierdie werk van Chapman wys, onbewustelik, op moontlike diskursiewe formasies en die verspreiding van uitings waardeur hierdie formasies tot stand gebring word¹⁴. 'n Identifikasie daarvan kan wys in 'n rigting waarin toekomstige ondersoeke in die Suid-Afrikaanse letterkunde sou kon soek vir die verskille en ooreenkomste tussen tekste wat 'n narratief van hierdie land kan uitmaak. Vir literêre geskiedskrywers sal die hoofuiting vanselfsprekend die literêre teks wees, omdat die effek van onderdrukking en geweld en lyding sterker spreek uit kreatiewe skryfwerk as uit kommentare en ontledings van sosiale formasies. Dan moet sodanige tekste egter ook as uitings gelees word.

Diskoers-identifikasie is nie bloot tema-identifikasie nie, omdat sowel die betekende as die betekenaar-aard van tekste in ag geneem word. Byvoorbeeld: die diskoers oor grond en grondbesit sal die plaasroman as spesifieke genre insluit, maar dan ook grondtransaksies, wette oor grondbesit, onteiening van grond, ensovoorts.

Die volgende diskoerse bestaan alreeds, of het in die verlede bestaan.

- Dit blyk dat in Afrika-literatuur en Afrika-denkstrukture die maatskappy voorkeur kry bo die individu. Is dit 'n konstruk, en hoe het dit ontstaan, en is daar dan modernisme en postmodernisme in die outohtone Afrika-literatuur?
- 'n Populêre diskoers in moderne kultuurstudies is die vroeë reisteks, met konstruksies van Afrika, die ongerepte natuur en die wilde mens. Dit is 'n diskoers wat byvoorbeeld verder gevoer word, en ook uiting word binne die diskoers van kolonialisme, byvoorbeeld in J.M. Coetzee se "Narrative of Jacobus Coetzee" in *Dusklands*.
- Die invloed van die missionaris, die ontwikkeling van geletterdheid, en die rol van die eerste uitgewers. Dink in hierdie verband aan die invloed van *Pilgrim's Progress* as reis, maar ook as allegorie, of die invloed van die

14 Vir 'n volledige uiteensetting van diskursiewe reëlmaat, die uiting en argeologiese beskrywing, kyk Michel Foucault se *The Archaeology of Knowledge* (1972), waarin hy verduidelik hoe die diskursiewe formasie geskep word deur die verspreiding van 'uitings'. Die diskoers oor geestesiekte het byvoorbeeld ontstaan op grond van alles wat gesê is in die uitings wat dit benoem, indool, beskryf, verduidelik; dit het die ontwikkeling daarvan nagegaan en dit beoordeel. Die implikasie is dan dat geestesiekte in taal gekonstitueer is. Die uiteensetting word veral gegee in die hoofstuk "Discursive Formations", p. 31-39.

Bybel. Vergelyk in dié verband Leon de Kock se *Civilising Barbarians* (1996).

- Die ontwikkeling van Afrika-nasionalisme, Swart Bewussyn, Afrikaner-nasionalisme, die genealogie van identiteit.
- Die ideaal van die nasiestaat, een-nasieskap en die ontstaan van die konsep ‘nasionale letterkunde’. Baie aanvoerwerk is alreeds gedoen, ook ten opsigte van die letterkunde, in byvoorbeeld Homi K. Bhabha se *Nation and Narration* (1990).
- Die “real life story” (Chapman) van miljoene in Afrika word saamgetrek in die tema van ‘Jim comes to Joburg’. Gepaardgaande met hierdie tema word die gevolglike kultuurkonflikte en verstedeliking ook betrek. Vroeë Afrikaanse tekste, soos J. Lub se *Donker Johannesburg* (1910), is ook deel van hierdie diskoers.
- Grond, grondbesit en die plaasroman, erfreg, geboortereg, die patriargie is temas wat in Afrikaans vanaf D.F. Malherbe tot by Etienne van Heerden deurgetrek kan word. Vandag is hierdie temas ’n politieke werklikheid wat gestalte kry in die onteining en hertoekenning van grond.
- Die herskryf van die teks van die verlede, die filosofie van interpretasie en herinterpretasie. In hierdie opsig geld die Foucauldiaanse kritiek op die herskepping van die teks, totdat die oorspronklike nie meer bestaan nie.
- Die kortverhaal as diskursiewe formasie: die sosio-politieke nut daarvan (waarom dit so populêr was onder swart skrywers), die esteties daarvan.
- Outobiografie as diskoers, en die rol daarvan by swart skrywers.
- Die ‘stil dekade’ van die sestigerjare in swart skryfwerk; maar die teenstrydigheid van ’n opbloeï – die ‘begin’ van modernisme – in die Afrikaanse letterkunde met die Sestigters.
- *Gender*, seksualiteit, die liggaam, die beheer oor die liggaam deur ideologie en politiek. Daar is talle uitings, in wit Afrikaans, swart Afrikaans, wit Engels, swart Engels oor hierdie aspekte. Die vraag bly egter wat die situasie in Afrikatale is.
- Die apokaliptiese, veral in wit Afrikaans en Engels, teenoor die hoopvolle in die Soweto-romans – ’n diskoers van hoop en wanhoop, wat nou nog bestaan.
- Die gesprek, debat, oor taal – taal as diskoers. In ’n land van vele tale sou ’n mens uiteindelik daaraan moet dink in watter taal die geskiedenis van die

literatuur uiteindelik geskryf sal word sodat almal, hier en in ander lande, dit kan lees. Daar kan gevra word of so 'n literatuurgeskiedenis in Engels moet wees. En sou ons letterkunde nie op die lange duur dan deel van die Engelse literatuurêre erfenis word nie? Miskien maak dit ook nie saak nie – solank as skrywers genoeg ruimte het om nog in hulle moedertale te skryf, en die skrywers van literatuurgeskiedenis dit respekteer, sonder moralistiese meestertekste.

6. Slot

'n Beskouing wat uitgaan van die diskursiewe formasie, waarin die literêre teks as een van die primêre uitings geles – en herskryf – word, sou 'n oplossing kon bied aan die konvensionele teleologiese siening van die geskiedenis, terwyl dit nie die geskiedenis ontken nie. Dit sou omvattend wees, miskien selfs te enorm om te bedink; maar daardeur word die literêre teks deel van die debat van 'n land, en nie net 'n afgesonderde, in sigself geslote, estetiese of narratiewe of dramatiese struktuur nie. En hoe lank sal die luukse van teksontleding slegs ter wille van die ontleding en die interpretasie van teks op teks op teks geduld kan word as universiteitsvak?

Uiteindelik sal die skryf van 'n 'Suid-Afrikaanse letterkunde' veel meer moet word as net klassifikasie en interpretasie en evaluasie. Een persoon sal dit egter nie kan doen nie.

Ten slotte, en ten spyte van kritiek op Chapman se heldhaftige poging tot 'n omvattende literatuurgeskiedenis, kan 'n mens nie anders nie as om saam te stem met 'n uitgangspunt soos die volgende:

To keep the text of the book in debate with the text of the world is to remind us of literature's potential as a rhetorical enterprise beyond the art genres of the poem, play and novel (Chapman, 1996:412).

Bibliografie

- Besselaar, G. 1914. *Zuid-Afrika in de letterkunde*. Amsterdam : De Bussy.
- Bhabha, Homi K. (ed). 1990. *Nation and Narration*. London, New York : Routledge.
- Chapman, Michael. 1996. *Southern African Literatures*. London, New York : Longman.
- Coetzee, J.M. 1974. *Dusklands*. Johannesburg : Ravan.
- De Kock, Leon. 1996. *Civilising Barbarians. Missionary Narrative and African Textual Response in Nineteenth-Century South Africa*. Johannesburg : Witwatersrand University Press.
- Fokkema, D.W. 1996. *Culturele identiteit en literaire innovatie*. Utrecht : Fakulteit Lettere, Universiteit Utrecht.
- Foucault, Michel. 1972. *The Archaeology of Knowledge and the Discourse on Language*. New York : Pantheon Books.

- Gerard, Albert. 1971. *Four African Literatures: Xhosa, Sotho Zulu, Amharic*. Berkeley : University of California Press.
- Gordimer, Nadine. 1981. *July's People*. Braamfontein, Emmarentia : Ravan, Taurus.
- Gramsci, Antonio. 1978. *Selections from Prison Notebooks*. London : Lawrence and Wishart.
- Gray, Stephen. 1979. *Southern African Literature. An Introduction*. Kaapstad, London : David Philip, Rex Collings.
- Hofmeyr, Isabel. 1979. The State of South African Literary Criticism. *English in Africa*, 6(2):32.
- Irele, Abiola. 1990. *The African Experience in Literature and Ideology*. Bloomington & Indianapolis : Indiana University Press.
- Nathan, Manfred. 1925. *South African Literature. A General Survey*. Kaapstad : Juta.
- Ntuli, D.B. & Swanepoel, C.F. 1993. *Southern African Literature in African Languages*. Pretoria : Acacia.
- Schoeman, Karel. 1972. *Na die geliefde land*. Kaapstad & Pretoria : Human & Rousseau.
- Van Niekerk, Marlene. 1996. Reënboogredenasies: Repliek op 'n intreerede. *Tydskrif vir Letterkunde*, 34: 4, November.

